

## OOSKAAP: SITRUSOEWER – JULIE 2010



Aangesien dit die laaste paar dae van die vakansie was, het ons besluit om 'n paar dae verlof te vat en het reeds die Donderdag by die pragtige oord aangekom.

Op daardie stadium was ons die enigste woonwa tesame met 'n jong paartjie in een van die huisies.

En wat 'n pragtige oord, klein maar met baie fasiliteite soos 'n ten volle toegeruste kombuis, baie goed georganiseerd en baie speelplek vir die kinders. Vir

die ouer garde is daar genoeg plek om rustig te sit en die natuur te geniet. Ons was veral druk besig met niks doen!

Ons was 'n volle 6 gesinne wat die naweek saam geniet het. Daar is saam gebraai, ontbyt gemaak en die rugby en sokker geniet op die gemeenskaplike TV onder die lapa. Baie dankie aan die Beneke en Rautenbach gesinne vir die gebruik van hulle fasiliteite.

Die ywerige vissermanne het ook gereeld 'n modderige vis uitgetrek tot groot vermaak van die toeskouers. Dit was beslis net vir die liefde daarvan want daardie lelike visse kan beslis nie eetbaar wees nie.



Hier trek Melissa Rautenbach en Janke Rens weg op hulle eerste kanovaart terwyl Francois en Ernest Beneke alreeds lekker op dreef is.



Francois en Simoné  
Beneke saam op die  
rivier.

Soos gesien kan word uit  
die foto's, het die kinders  
en van die meer brawe  
ouers die water  
aangedurf en almal het  
weer veilig op die oewer  
aangekom. So jammer  
dat ons nie eens een foto  
het van 'n kano wat  
omgeval het nie!

Saterdagand het dit liggies begin reën en teen Sondagoggend was die hele kamp lekker nat en het almal maar vroeg begin oppak. Die onskuldige opdraandjie blyk toe 'n probleem te wees vir almal wat nie die gerief van 'n viertrek voertuig (of ten minste 'n bakkie!) het nie.

Baie dankie aan Adriaan Beneke wat ons (en andere) veilig uitgesleep het.

Dit was 'n heerlike naweek en alhoewel ons baie suur was dat ons nie kon deel wees van die toer nie, het die pragtige omgewing en die aangename geselskap opgemaak daarvoor.

Groete

Gerrie, Vanessa, Danilo en Janke Rens